higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 2

(3021012)

7 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

112Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

versekeraars; die produk; etos; belanghebbendes; Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid; vergoeding; totale gehaltebestuur; bedryf; kommissie; beleid; werwing; wins; verkryging; leidinggewing; beplanning

1.1.1 ... verwys na wat die onderneming in werklikheid produseer, bv 'n motor, chemikalieë of hondekos.

1.1.2 'n Individuele styl of handelsmerk wat wys hoe dinge gedoen word.

1.1.3 ... is die geld wat aan 'n werknemer betaal word wat by die werk beseer word.

1.1.4 ... is daarop gerig om ongelukke in die werksplek te verminder.

1.1.5 ... is die proses wat deur 'n firma gevolg word wat daarna streef om hoë standaarde te bereik in alles wat hy doen.

1.1.6 ... verwys na 'n omgewing waarin 'n sekere tipe onderneming werksaam is.

1.1.7 Mense met 'n gevestigde belang in die aktiwiteite van 'n onderneming staan bekend as ...

1.1.8 ... verwys na mense of ondernemings wat die risiko aanvaar vir enige slegte dinge wat mag gebeur.

1.1.9 ... is 'n ooreengekome stel reëls.

1.1.10 ... is betaling wat bereken word volgens die werk wat gedoen is.

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Kliënte word beskou as die lewensbloed van enige onderneming deur goeie diens aan hulle te lewer.

1.2.2 Finansiële belanghebbendes is gemoeid met die finansiële werkverrigting van die organisasie.

Kopiereg voorbehou

1.2.3 Ondernemings moet daarna streef om die staat gelukkig te hou deur betyds belastings te betaal.

1.2.4 Bedryfsrisiko's verwys na ongelukke wat plaasvind terwyl 'n aksieplan nie uitgevoer word nie.

1.2.5 Geraasbesoedeling behoort op 'n maksimum vlak gehou te word om naburige ondernemings te vermaak.

1.2.6 Die mensehulpbronafdeling is daarvoor verantwoordelik om voorraad aan te koop.

1.2.7 Ontevrede kliënte beveel die maatskappy by andere aan.

1.2.8 Veilige en gesonde werksomstandighede versterk die lojaliteit van werknemers.

1.2.9 Werkgewers het 'n plig om hul werkers se vaardighede voortdurend te assesseer en hierdie vaardighede te verbeter.

1.2.10 Bemarking verwys na die manier waarop die onderneming sy goedere en dienste verkoop.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies ’n woord of term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
1.3.1	Die moontlikheid dat iets slegs kan gebeur	A	bates
		B	sakeplan
1.3.2	Waardevolle items wat gekoop word om ’n onderneming te bedryf, en wat ’n lang lewensduur het	C	maatstaf
		D	uitbreiding
1.3.3	’n Skriftelike lys doelstellings en doelwitte vir ’n suksesvolle onderneming en hoe dit bereik kan word	E	risiko
		F	tender
1.3.4	Die geld wat die onderneming beskikbaar het om voorraad te koop, lone te betaal, ens.	G	kontantvloei
		H	onderhoud
1.3.5	’n Vlak waarteen gehalte gemeet kan word	I	bedrywighede
1.3.6	’n Voorbeeld van ’n ondernemingsdoelwit	J	ratio
1.3.7	’n Aansoek om ’n diens te lewer of goedere teen ’n bepaalde prys te verskaf	K	salaris
		L	las
1.3.8	’n Voorbeeld van naverkoopdiens wat aan kliënte gebied word nadat die transaksie afgehandel is		
1.3.9	Die herhaalde aktiwiteite van ’n organisasie wat daarop gerig is om ’n produk te voorsien of ’n diens te lewer		
1.3.10	Verhouding tussen twee bedrae		

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

SCENARIO

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Patricia Constructors (PC) is 'n groot konstruksiemaatskappy wat bouprojekte in Limpopo hanteer. Die onderneming het voorheen brûe, kommersiële winkelsentrums, residensiële huise en afsetpunte, paaie, ensovoorts gebou. Dit is 'n onderneming in swart besit wat bestuur word deur Patricia Bruise as die uitvoerende hoof. Patricia moet toesien dat die onderneming sy multifunksionele aktiwiteite en projekte uitvoer.

Patricia Constructors is gekontrakteer om 'n laerskool in Tibanefontein te bou. Ongelukkig het die gebou ineengestort toe hulle die hoogte van die tweede verdieping bereik het. Minstens twee messelaars is kritiek beseer en moes in die nabygeleë hospitaal behandel word. Ander werkers het geringe beserings opgedoen en is ontslaan. Daar is later bevind dat die oorsaak van die ineenstorting was dat hulle versuim het om die strukturele vereistes van 'n gebou van daardie aard na te kom. Daar is ook bevind dat die personeel nie op daardie tydstip veiligheidsklere gedra het nie, en veiligheidstoerusting was nie beskikbaar tydens die voorval nie, wat vrae oor die gehaltebestuurstelsels laat ontstaan.

Selby, die bedryfsbestuurder, het onmiddellik ná die voorval bedank, wat daartoe gelei het dat die onderneming vir Marcus as die nuwe bedryfsbestuurder in diens geneem het.

Bron: OWN

VRAAG 2

2.1 Verduidelik VYF funksies van Marcus by PC. (5 × 2) (10)

2.2 Identifiseer DRIE moontlike aansporings wat Patricia kan gebruik om haar werknemers te motiveer. (3)

2.3 Veiligheidsbeamptes wat intern aangestel word, kan uit die geledere van bestuurders, toesighouers, of die mees ongeskoolde arbeiders in die onderneming kom.

Noem VIER voordele van die aanstelling van veiligheidsbeamptes wat al die werkers verteenwoordig. (4)

2.4 Noem TWEE metodes om risiko's te verminder wat PC moet toepas. (2)

2.5 Ongelukke by die werk kan menslike en niemenslike oorsake hê.

Gee VIER menslike oorsake van ongelukke by die werk. (4)

[23]

VRAAG 3

3.1 Gee VYF voorbeelde van infrastruktuurvereistes wat PC moet nakom om 'n diens te lewer. (5)

3.2 Die gebou het ineengestort weens versuim om strukturele vereistes van 'n gebou van daardie aard na te kom.

Gee VYF tipes opleiding wat aan werkers gegee kan word om ongelukke te vermy en hulle veilig in die werksplek te hou. (5)

3.3 Die sukses van die onderneming word grootliks beïnvloed deur die tipe beleide wat hy volg en hoe goed hierdie beleide geïmplementeer word.

Noem enige VYF beleide wat PC kan gebruik. (5)

3.4 Noem en verduidelik die VYF instrumente van totale gehaltebestuur. (5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 4

4.1 Risiko's is heeltemal onvoorspelbaar. Stel voor hoe Patricia Contractors die volgende risiko's kan verminder:

4.1.1 Gesondheid- en veiligheidrisiko's

4.1.2 Diefstal

4.1.3 Brandrisiko's

4.1.4 Mensehulpbronrisiko's

4.1.5 Omgewingsrisiko's

(5 × 2) (10)

4.2 Toe Selby bedank het, is Marcus in diens geneem.

Gee TWEE metodes wat gebruik kan word om te verseker dat die regte personeel in diens geneem word. (2 × 2) (4)

4.3 Bespreek die rol wat Marcus as die bedryfsbestuurder met betrekking tot die volgende vervul:

4.3.1 Mense

4.3.2 Programme

4.3.3 Prosesse en prosedures

4.3.4 Aanleg

(4 × 2) (8)

[22]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou